

Dr H. C. M. FOURIE



Enige maanden geleden is in Zuid-Afrika een nakomeling overleden van de Fransche Réfugiés, over wie Dr van Broekhuizen onlangs in „Timotheüs” heeft geschreven. Dr H. C. M. Fourie was ook in ons land geen onbekende. Bij zijn begrafenis, die een van de grootste en indrukwekkendste begrafenis-geweest is, ooit gezien in Groot Marico, waar Fourie predikant was van de Ned. Herv. Kerk, werd gesproken over het woord van Paulus aan Timotheüs: „Ek het die goeie strijd gestrij.” En getuigenis werd afgelegd, dat de ontslapene waarlijk een man was „in die volste sin van die woord.”

Ter gedachtenis aan dezen merkwaardigen Afrikaan, die op zijn omgeving zulk een grooten indruk maakte, en zich van zijn jeugd aan zoo mede-verantwoordelijk voelde voor de toekomst van zijn land en volk, heeft de bekende professor Dr J. D. du Toit, (de beroemde dichter onder den schuilnaam Totius,) een artikel geschreven, dat ons van bevriende zijde werd toegezonden, en waarvan wij de plaatsing een voorrecht achten.

Dr Fourie zal zeker bij velen in dankbare herinnering voortleven. Moge „die God van alle vertroosting” zijn vrouw en kinderen, zijn familie en vrienden, allen iets geven van „sij diep-kinderlijk Godsvertroue.”

IN MEMORIAM

Die tyding dat Dr Fourie plotseling in die Bosveld oorlede is, is nie alleen 'n sware slag vir sy familie nie; is nie alleen 'n sware slag vir die Hervormde Kerk nie, maar ook ons volk word daardeur getref.

'n Man van die krag van Dr Fourie kon in sy werksaamheid tot een kring beperk wees nie, al word die kring ook hoe wijd gemeet.

Ten eerste moet ek opmerk dat hij een man was van deeglike en diepgaande studie.

Al vroeg in sy lewe het hy na Nederland vertrek. Daar het hy die gimnasiale studie doorloop. Daaraan is dit te danke dat hy so goed tuis was in die Griekse en Latynse tale. Maar sy talekennis sou nog meer uitgebrei word deur 'n volledige opleiding as teoloog aan die Universiteit van Utrecht, waar hy die doktorsgraad verwerf het. Grondige kennismaking met Hebrees en Aramees was vir hom nie net 'n eksamenvereiste nie, maar ook 'n liefhebberij.

Sy dissertatie het Dr Fourie geskrywe oor die Amandabele, onder ons bekend as die Mapog-kafferstam. Ek het die geskrif van my ontslape vriend gelees en my verwonderd oor die grondige en streng metodiese manier waarop hy sy onderwerp behandel het. Dit is een kultuur-historiese studie wat met onderscheiding genoem kan word. Meteens het ek daarmee 'n terrein aangedui waarop Dr Fourie hom met voorliefde beweeg het. 'n Leraar van ons kerk wat ons ontslape broeder goed geken het, het eendag gesê: Dr Fourie ken die naturellenasië. En dit is die waarheid. Met verskeie van die Bantoe-tale was hy goed op die hoogte. Ek vind dit dan ook vreeslik jammer dat hy nie professor in Bantoeologie aan een van ons universiteite geword het nie. —

Uit dit alles sal die leser kan verstaan waarom, toe daar in 1925 sprake was van 'n derde bijbelvertaler, Dr Fourie deur die Algemene Kommissie met algemene stemme as sodanig benoem is. 'n Gelukkiger keuse was nie moontlik nie.

Sedert dié tyd dateer my intieme kennismaking en vriendskap met die man, wie se hand ek nie meer sal druk, wie se stem ek nie meer sal hoor nie, en wat ek sal mis solank as ek lewe.

Die arbeidsverdeling insake die Bijbelvertaling het gemaak dat Dr Fourie en ek maande en maande saamgewerk het. Telkens was Dr Fourie, as die sterkere van ons twee, bereid om na my plasie te kom waar ek destyds werkzaam was. Daar was ons van smôrens agtuur tot saans negenuur in stoorlose stilte besig.

'n Kenmerk van ons samewerking is dat daar tussen ons nooit 'n serieuze verskil was nie, hoewel die terrein van ons werk hom so ver uitgestrek het en besaaid was met vraagstukke en moeilikhede van baie ernstige aard. Ons basis van samenwerking het ons, na langdurige besprekinge, neergelê, en Dr Fourie het getrou daarby volhard. Nie alleen het dié samewerking geen gevoelighede gewek nie, maar daardeur is 'n vriendskap gesluit wat altyd hegter geword het. Ons plan was dan ook, aangesien ons nou so ver van mekaar arbei, om saam 'n motortog na Middel-Afrika te onderneem. Dit alles is nou verydél deur sy dood.

As iemand wat kennis dra van die inwendige geskiedenis van die Afrikaanse Bijbelvertaling, is dit my 'n

behoefte om te verklaar: al het Dr Fourie niks anders gedoe nie as om sy uiters belangrike en onskatbare bydrae te lewer by die tot standkoming van die *Afrikaanse Bijbel*, dan is dit genoeg om God op ons knieë te dank vir die gawe, wat Hy in sy besondere voorsienigheid in sy persoon aan ons volk geschenk het, en is dit gepas dat *Suid-Afrika* by sy graf treur en sy nagedagtenis in ere hou. Ek kan my nie voorstel hoe die groot werk sonder hom sy voltooiing sou bereik het nie.

Aan Dr Fourie as mens, as persoonlikheid, als hoogstaande karakter het ek altyd die hoogste agting toegedra. Hy was 'n ras-egte Afrikaner. *Hy kon niks anders wees nie*. Gedurende sy studie-jare het hy dit al getoon deur van Nederland terug te keer om vir sy vaderland in die Tweede Vrijheidsoorlog te stry. Ook later het hy sy kenmerkende *onverskrokkenheid* geopenbaar en sy bereidwilligheid om vir sy nasie doodsgevaar en gevangenskap nie te vrees nie.

Hy was 'n *ridder sonder vrees*.

By al sy kennis en bekwaamheid was Dr Fourie *nederig*. Nooit het hy hom op die voorgrond gedring nie.

Hy het sy kennis nie uitgestal soos 'n handelaar met sy handelsware doen nie. Hy het meer gelyk op die groothandelaar wat sy rykdom in 'n groot pakhuis wegbêre. Om te weten te kom wat in Dr Fourie gesit het, moes 'n mens hom lank en intiem geken het.

Sy vernaamste kenmerk was egter, na my gedagte, sy *trou*.

Op hóm kon 'n mens *reken*. 'n Leër wat uit sulke krijgsmanne bestaan moét oorwin. Trou in sy vriendskap, trou in sy werk, trou in die meest tergende omstandighede; 'n *staatmaker* wie die gelyke ek in hierdie opsig nie geken het nie. Daar is dan ook niks wat sy verontwaardiging so gaande gemaak het nie as dade en openbaringe van *ontrouw*. Bij die dreiging van gevare was hy 'n *rots* wat nie gewyk het nie.

Trou en onverskrokkenheid het mekaar in sy persoon ontmoet.

Ek het Dr Fourie ten slotte leer ken as *gelowige*, as kind van God.

Hy het nie alleen die Bijbel vertaal nie, maar ook van harte en kinderlik geglo wat daar geskrywe staan.

Twee keer het ek my vriend hoor preek. Die preke het so hoog uitgestaan, dat hulle as modelle aangemerkt moet word.

Meer kan ek in hierdie vlugtige skets daarvan nie sê nie.

'n Uitnemende dienaar van die Woord het uit ons midde heen-gegaan.

Totius